(a) Die plaaslike bestuur is nie die grootmaat verskaffer van elektrisiteit aan die dorp nie. Die dorpseienaar moet ingevolge Artikel 118(2)(b) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, (Ordonnansie 15 van 1986) die nodige reëlings tref met ESKOM, die gelisensieerde verskaffer van elektrisiteit in die dorp.

- (5) GAUTENG PROVINSIALE REGERING (DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN LANDELIKE ONTWIKKELING)
- (a) Indien die ontwikkeling van die dorp nie 'n aanvang neem voor of binne 'n periode van 5 (vyf) jaar vanaf 12 Oktober 2012, datum wat toestemming of vrystelling gegee is, moet die aansoek om die dorp te stig, heringedien word by Gauteng Departement van Landbou, Bewaring en Omgewing (Gauteng Provinsiale Regering) vir goedkeuring ingevolge Artikel 28A van die Omgewingsbewaringwet, 1989 (Wet 107 van 1998), soos gewysig.
- (6) GAUTENG PROVINSIALE REGERING (DEPARTEMENT VAN PAAIE EN VERVOER)
- (a) Indien die ontwikkeling van die dorp nie voltooi is binne 'n periode van 10 (tien) jaar vanaf 2 April 2008, die datum van hul skrywe nie, moet die aansoek heringedien word by die Departement van Openbare Vervoer, Paaie en Werke vir heroorweging.
- (b) Indien omstandighede egter, voor die verstryking van die tydperk vermeld in (a) hierbo, tot so 'n mate verander dat paaie en/of PWV roetes onder die beheer van die betrokke Departement deur die beoogde uitleg van die dorp geraak word, moet die dorpseienaar die aansoek herindien vir doeleindes van die nakoming van die vereistes van die beheerende liggaam ingevolge die bepalings van Artikel 48 van die Gauteng Vervoerinfrastruktuur Wet, 2001 (Wet 8 van 2001).
- (c) Die dorpseienaar sal, voor of gedurende die ontwikkeling van die dorp, 'n fisiese muur oprig volgens die voorwaardes en vereistes van die betrokke departement, langs die lyn van geen toegang soos aangedui op die goedgekeurde uitlegplan van die dorp, JVX41/P1/2015. Die oprigting van genoemde fisiese muur en die onderhoud daarvan, sal gedoen moet word tot die goedkeuring van die betrokke departement.
- (d) Die dorpseienaar sal moet voldoen aan die voorwaardes van die Departement soos uiteengesit in die Departement se skrywe gedateer 2 April 2008.
- (e) Die dorpseienaar sal moet voldoen aan die voorwaardes van Gauteng Provinsiale Regering (Gautrain).
- (7) TOEGANG
- (a) Toegang tot of uitgang vanuit die dorp sal voorsien word, tot die tevredenheid van Johannesburg Roads Agency (Edms) Bpk en die Departement Publieke Vervoer, Paaie en Werke.
- (8) ONTVANGS EN VERSORGING VAN STORMWATER
- Die dorpseienaar moet die dreinerings van die dorp so reël dat dit inpas by dié van die aangrensende paaie en alle stormwater wat van die paaie afloop of afgelei word, moet ontvang en versorg word.
- (9) VULLISVERWYDERING
- Die dorpseienaar moet toesien dat daar genoegsame vullisverwyderingspunte in die dorp voorsien word en moet ook reëlings tref vir die verwydering van alle vullis tot die tevredenheid van die plaaslike bestuur.
- (10) VERWYDERING OF VERVANGING VAN BESTAANDE DIENSTE
- Indien dit, as gevolg van die stigting van die dorp, nodig is om enige bestaande munisipale, TELKOM en/of ESKOM dienste te verwyder of te vervang, moet sodanige verwydering of vervanging op koste van die dorpseienaar gedoen word.
- (11) SLOPING VAN GEBOUE EN STRUKTURE
- Die dorpseienaar moet op sy eie koste, alle bestaande geboue en structure, indien enige, wat binne boulynreserwes, kantruimtes of oor gemeenskaplike grense geleë is, laat sloop tot tevredenheid van die plaaslike bestuur, wanneer daartoe versoek deur die plaaslike bestuur.
- (12) BEGIFTIGING
- Die dorpseienaar moet ingevolge die bepalings van Artikel 98(2) van die Dorpsbeplanning en Dorpe Ordonnansie, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) 'n globale bedrag as begiftiging aan die plaaslike bestuur betaal vir die voorsiening van grond vir 'n park (publieke oop ruimte).

- (13) VERPLIGTINGE TEN OPSIGTE VAN DIENSTE EN BEPERKING BETREFFENDE DIE VERVREEMDING VAN ERWE
- (a) Die dorpseienaar moet 'n sertifikaat van ESKOM indien by die plaaslike bestuur wat bevestig dat aanvaarbare finansiële reëlins ten opsigte van die voorsiening van elektrisiteit aan die dorp getref is met die plaaslike bestuur. Erwe in die dorp mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van die koper, ook mag 'n Sertifikaat van Geregistreeerde Titel nie in die naam van die dorpseienaar geregistreer word nie, alvorens die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes gesertifiseer het dat hierdie sertifikaat deur ESKOM uitgereik is; en
- (b) Die dorpseienaar moet, op sy eie koste en tot tevredenheid van die plaaslike bestuur, alle dienste binne die grense van die dorp, ontwerp, voorsien en konstrueer, asook alle interne paaie en die stormwaterretikulasie binne die grense van die dorp. Erwe en/of eenhede in die dorp, mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van 'n koper nie, ook mag 'n Sertifikaat van Geregistreeerde Titel nie in die naam van die dorpseienaar geregistreer word nie, alvorens die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes gesertifiseer het dat hierdie dienste voorsien en geïnstalleer is; en
- (c) Die dorpseienaar moet, binne sodanige tydperk as wat die plaaslike bestuur mag bepaal, sy verpligtinge met betrekking tot die voorsiening van elektrisiteit, water en sanitêre dienste asook die konstruksie van paaie en stormwaterdreinerig en die installering van die stelsels daarvoor, soos vooraf ooreengekom tussen die dorpseienaar en die plaaslike bestuur, nakom. Erwe en/of eenhede in die dorp mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van 'n koper nie, ook mag 'n Sertifikaat van Geregistreeerde Titel nie in die naam van die dorpseienaar geregistreer word nie, alvorens die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes gesertifiseer het dat voldoende waarborg, kontantbydraes ten opsigte van die voorsiening van die dienste deur die dorpseienaar, aan die plaaslike bestuur gelewer of betaal is nie; en
- (d) Desnieteenstaande die bepalings van klousule 2.(1) hieronder, moet die dorpseienaar op sy eie koste en tot tevredenheid van die plaaslike bestuur, alle serwitute opmeet en registreer om die dienste wat voorsien, gekonstrueer en/of geïnstalleer is beoog in (a) to (b) hierbo, te beskerm. Erwe en/of eenhede in die dorp, mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van 'n koper nie, ook mag 'n Sertifikaat van Geregistreeerde Titel nie in die naam van die dorpseienaar geregistreer word nie, alvorens die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes gesertifiseer het dat hierdie dienste beskerm is of sal word, tot tevredenheid van die plaaslike bestuur.
- (3) **BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES**
Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, indien van toepassing.
- (A) **Met uitsluiting van die volgende voorwaardes wat nie die dorp raak op grond van die ligging daarvan nie:**
1. Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) 2350.9363 hektaar meet (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) kragtens Notariële Akte No. K1293/1963S met Diagram LG No. A576/1963 wat daarmee verband hou, onderworpe aan 'n serwituut (aangetoon met die lyne ABCDE en FGHJK op die genoemde diagram) in terme waarvan, die reg toegestaan is deur die Elektriese Voorsieningskommissie om elektrisiteit te transporteer oor die eiendom, hiermee getranspoteer met aanverwante regte en onderhewig aan voorwaardes wat meer volledig sal blyk uit genoemde Notariele Akte; en
- (a) Gedeeltelik gewysig met Notariële Akte K3212/1994S sover as wat dit die resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R., gemeet 2249.8888 hektaar, raak, met die gedeeltelike kansellasie van die serwituut sover as wat dit die gedeelte van die eiendom wat langs die lyne ABC en DEF op Diagram LG Nr. A5428/1991 raak, wat meer volledig sal blyk uit die genoemde akte;
- (b) Gedeeltelik gewysig met Notariële Akte K4369/2008S sover as wat dit Gedeelte 716 ('n gedeelte van Gedeelte 1) van die plaas Waterval, gemeet 22.0288 hektaar, met die gedeeltelike kansellasie van die serwituut ten opsigte van die ondergrondse elektriese kables en en toe te stem tot 'n nuwe serwituut vir die installering van ondergrondse elektriese kables, 6.00 meters wyd parallel tot en langs die totale lengte van die noordelike grens van Gedeelte 716, wat meer volledig sal blyk uit die genoemde akte;
- (c) Gedeeltelik gewysig met Notariële Akte K1004/2009S sover as wat dit Gedeelte 716 ('n gedeelte van Gedeelte 1) van die plaas Waterval 5-I.R., gemeet 22.0288 hektaar raak, met die gedeeltelike wysiging van die serwituut om toe te laat vir die konstruksie van 'n waterdempingsdam binne in die ondergrondse kabelserwituut area, die gedeeltelike kansellasie van 'n serwituut 5 (vyf) meter enige kant van die lyn ABCD en FGHJK op Diagram LG Nr. A576/1963 en om toe te stem tot 'n nuwe serwituut 6.00 meters wyd parallel to en langs die lengte van die noordelike grens van Gedeelte 716, wat meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.

- (d) Gedeeltelik gewysig met Notariële Akte K6144/2014S sover as wat dit Erf 3635 Jukskei View Uitbreiding 88, gemeet 1.2563 hektaar raak, met die gedeeltelike wysiging van die serwituut om toe te laat vir die konstruksie van 'n afgebakende parkeerarea onder die elektriese kraglyne vir gebruik deur die huurder van Erf 3635, onderworpe daaraan dat die parkeerarea afgebaken is sodat geen voertuie, strukture of geboue hoër as 2.5 meter vanaf die natuurlike grondvlak toegelaat mag word in die serwituutarea, tesame met aanverwante regte, wat meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.
2. Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) 2253.3189 hektaar meet (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) kragtens Notariële Akte Nr. K55/1973S onderhewig aan 'n serwituut wat toestemming verleen aan die Elektrisiteits Voorsieningskommissie om elektrisiteit te transporteer oor die eiendom, hiermee getransporteer met aanverwante regte en onderhewig aan voorwaardes wat meer volledig sal blyk uit genoemde Notarieële Akte. Die roete van hierdie serwituut is aangetoon met die figuur ABCDEFGHA op Diagram LG Nr 5191/1971.
3. Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) 2250.6858 hektaar meet (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) kragtens Notariële Akte Nr. K2514/1976S onderhewig aan 'n serwituut wat toestemming verleen aan die Elektrisiteits Voorsieningskommissie om elektrisiteit te transporteer oor die eiendom, hiermee getransporteer met aanverwante regte en onderhewig aan voorwaardes wat meer volledig sal blyk uit genoemde Notarieële Akte. Die roete van hierdie serwituut is bepaal ten gunste van die resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. gemeet 2249.8888 hektaar met Notariële Akte van Wysiging van Serwituut K3475/1981S met die lyn a B en b D op Diagram LG Nr. A1392/1980 aangeheg hierby.
4. Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) 2249.8888 hektaar meet (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) kragtens Notariële Akte No. K5028/1992S onderhewig aan 'n serwituut wat die reg toestemming verleen aan ESKOM om elektrisiteit te transporteer oor die eiendom, hiermee getransporteer met aanverwante regte en onderhewig aan voorwaardes wat meer volledig sal blyk uit genoemde Notarieële Akte, die middellyn wat bepaal is met Notariële Akte van Roetebeskriving K3213/1994S met die lyne ABCD en AFGH op Diagram LG Nr. A5427/1991 hierby aangeheg.
5. Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) 2083.2179 hektaar meet (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) is:
- e. Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr K3366/1997S gedateer 19 November 1996 met Diagram L.G. Nr A7672/1989 met betrekking daartoe, onderhewig aan 'n serwituut vir munisipale doeleindes 3 meter wyd, die roete waarvan aangetoon is met die lyn A B C D E F G H J K L M N P Q R S T U V W X Y Z A1 B1 C1 D1 E1 F1 op Diagram D1 E1 F1 G1 H1 J1 K1 L1 M1 N1 P1 Q1 op Diagram LG Nr A7672/1989, ten gunste van die Stadsraad van Midrand, soos meer volledig sal blyk uit die genoemde Notariële Akte, tesame met aanverwante regte, soos gewysig.
- i. Ten gunste van 'n gedeelte van die resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R., gemeet 1181.6867 hektaar met Notariële Akte van Wysiging van Serwituut K3271/2013S met die gedeeltelike kansellasie van die gedeelte van die serwituut wat aangetoon is met die middellyn A B C D E F G H J K L M N P Q R S T U V W X Y Z A1 B1 C1 D1 E1 F1 op Diagram LG Nr.984/2013 en die toestemming van die herbelynde serwituut langs die lyn A B C D E F G H J K L M N P op Diagram LG Nr 3200/2010 en die lyn A B C D E F G H J K L M N P Q R S T U V W X Y Z A1 B1 C1 D1 E1 F1 op Diagram LG Nr.3199/2010; en
- ii. Ten gunste van 'n gedeelte van die resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R., gemeet 1128.9618 hektaar met Notariële Akte van Wysiging van Serwituut K470/2014S met die gedeeltelike kansellasie van die serwituut langs die roete wat aangetoon is met die lyn A b C D E op Diagram LG Nr. op Diagram LG Nr.2413/2013 en toestemming tot die serwituut oor die gedeelte van die resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. aangetoon met die middellyn A B C D E F G H J op Diagram LG Nr 2408/2013.
- f. Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr K4398/1999S gedateer 27 Augustus 1999, onderhewig aan 'n serwituut met aanverwante regte ten gunste van ESKOM aangedui deur die figuur ABCD op Diagram LG Nr 6150/1997, wat meer volledig sal blyk uit die genoemde Notariële Akte.
- g. Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr K4394/1999S, onderhewig aan 'n rioolserwituut 2021 vierkante meter groot, aangetoon met die figuur ABCDEFGHJKL op Diagram LG Nr. 12040/1997, tesame met aanverwante regte ten gunste van Gedeelte 516 ('n gedeelte van Gedeelte 61) van die plaas Waterval 5-

I.R. soos gewysig met die gedeeltelike kansellasie hiervan in terme van Notariële Akte van Gedeeltelike Kansellasie van Serwituut LG Nr. K1366/2012S met Diagram LG Nr. 3614/2011 aangeheg hierby, wat meer volledig sal blyk uit die genoemde Notariële Akte.

- h. Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr K3161/2000S gedateer 4 Mei 2000, onderhewig aan 'n ewigdurende serwituut om elektriese kragtoevoer te transporteer, met aanverwante regte, ten gunste van ESKOM soos aangedui deur die lyn ABCD en HJK op diagram L.G. Nr 8801/1998, wat meer volledig sal blyk uit die genoemde Notariële Akte.
 - i. Kragtens Notariële Akte van Serwituut K3487/2009S, onderhewig aan 'n serwituut ten gunste van Eskom Holdings Limited met aanverwante regte, wat meer volledig sal blyk uit die genoemde akte, die roete van hierdie serwituut is bepaal deur Notariële Akte van Roetebeskrywing K2826/2011S met die figuur ABCD op Diagram LG Nr 4110/2010 hierby aangeheg.
 - j. Kragtens Notariële Akte K300/2009S, onderhewig aan 'n serwituut met aanverwante regte, ten gunste van Eskom Holdings Limited, 'n elektriese kraglyn serwituut 31.00 meter breed, die middellyn waarvan aangetoon is met die lyn E F G H op Diagram LG Nr 5392/2007, tesame met 'n serwituutarea 6400m² gemeet aangetoon met die figuur A B C D op Diagram LG Nr 5388/2007, 'n serwituutarea 7271m² gemeet soos aangetoon die figuur A B C D E F G H op Diagram LG Nr 3857/2008, en 'n serwituutarea 390m² gemeet soos aangetoon met die figuur A B C D op Diagram LG Nr 5392/2007, 'n reg van weg aangetoon met die lyn A B C D op Diagram LG Nr 5389/2007, 'n serwituut 6.00 meters wyd met die suid-westelike grens wat aangetoon is met die lyn AB op Diagram LG Nr 5390/2007, wat meer volledig sal blyk uit die genoemde akte, en wat verder gewysig is met:
 - i. Notariële Akte van Serwituut van Wysiging K3589/2011S, met die gedeeltelike kansellasie van die servitude ten gunste van die figuur ABCDEFGH op Diagram LG Nr 3857/2008, en toestemming tot serwituutarea 8471m² soos aangetoon met die figuur ABCDEFA op Diagram LG Nr 1435/2011 hierby aangeheg, wat meer volledig sal blyk uit die genoemde akte; en
 - ii. Notariële Akte van Wysiging Nr K4187/2012S ten opsigte van die gedeeltelike kansellasie van die serwituut ten opsigte van die area aangetoon met die figuur ABCD op Diagram LG Nr. 5388/2007 en toestemming verleen vir 'n vervangingserwituut ten opsigte van die area ABCDA op Diagram LG Nr. 5067/2011 aangeheg hierby, wat meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.
 - k. Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr K747/2010S, onderhewig aan 'n 2m rioolserwituut met aanverwante regte, ten gunste van die Stad van Johannesburg aangetoon met die lyn A B C D E F G H J K L M N P Q R S T U V W op Diagram LG Nr. 2212/2008 hierby aangeheg en soos meer volledig sal blyk van die genoemde akte.
 - l. Kragtens Notariële Akte van Serwituut K222/2011S, onderhewig aan 'n rioolserwituut met aanverwante regte, ten gunste van die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit, die middellyn waarvan aangetoon is met die lyn ABCDEF op Diagram LG Nr 12350/2004 hierby aangeheg.
6. Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. 1629.4804 hektaar meet (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K2800/2007S onderhewig aan 'n serwituut met aanverwante regte, ten gunste van Eskom Holdings Limited, wat meer volledig sal blyk uit die genoemde akte, die area waarvan die serwituut bepaal is as die figuur A B C D E F G H J K L M N P Q R S T U V W X Y Z A1 B1 C1 D1 E1 F1 G1 H1 J1 K1 L1 M1 N1 P1 Q1 met K786/2009S op Diagram LG Nr. 628/2008 hierby aangeheg.
7. Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. 1572.0108 hektaar meet (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) is:
- a. Kragtens Notariële Akte van Serwituut K537/2010S die hieringemelde eiendom onderhewig is aan 'n serwituut, tesame met aanverwante regte, ten gunste van die Stad van Johannesburg, soos aangetoon met die lyn A B C D E F G H J K L M N P Q R S T U V W X Y Z A' B' C' D' E' F' G' H' J' K' L' M' N' P' R' S' T' U' V' W' X' Y' Z' A" B" C" D" E" F" G" H" J" K" L" M" N" P" Q" R" S" T" U" V" W" X" Y" Z" a b c d e f g h j k l m n p q r s t u v w x y z a' b' c' d' e' f' g' h' i' k' l' m' n' p' r' s' t' op Diagram LG Nr. A6302/1993.

- b. Kragtens Notariële Akte van Serwituut K1848/2010S, onderhewig aan 'n 2 meter wye serwituut vir riool doeleindes, tesame met aanverwante regte, ten gunste van die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit langs die lyn ABCDEFGHJ en 3 meter wye serwituut langs die lyn KLM en LN op Diagram LG Nr. 4143/2009 hierby aangeheg.
- c. Kragtens Notariële Akte van Serwituut K1849/2010S, onderhewig aan 'n serwituut, tesame met aanverwante regte, ten gunste van die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit ten opsigte van die figuur ABCDEFGJA op Diagram LG Nr. 1451/2009 en die figuur ABCDEFGJKLMNPQRSTUWXYZA op Diagram LG Nr. 2933/2009 hierby aangeheg.
8. Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. 1457.0601 hektaar meet (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) is:
- a. Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K3772/2010S, onderhewig aan 'n rioolserwituut van verskillende wydte, tesame met aanverwante regte, ten gunste van die Stad van Johannesburg waarvan aangetoon is by verwysing met die lyn ABCDEFGHJK met verskillende wydtes soos aangetoon op Diagram LG Nr. 8021/1998 en 'n area gemeet 3687m² soos aangetoon op die figuur A B C D E F G H J K L M N P Q R S T U V W X Y Z A 1 B 1 C 1 D 1 E 1 F 1 G 1 H 1 J 1 K 1 L 1 M 1 N 1 P 1 Q 1 R 1 S 1 T 1 U 1 V 1 W 1 X 1 A op Diagram LG Nr. 5362/2009 hierby aangeheg, soos meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.
- b. Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K4795/2010S, onderhewig aan 'n 8.00 meter wye rioolserwituut, tesame met aanverwante regte, ten gunste van die Stad van Johannesburg, die noordelike grens waarvan aangetoon is met die lyn LK op Diagram LG Nr. A4717/1985.
9. Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. 1363.5549 hektaar meet (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K1107/2013S onderhewig aan 'n serwituut vir 'n substasie, tesame met aanverwante regte, ten gunste van Eskom Holdings SOC Limited, soos aangedui met die figuur ABCDA op Diagram LG Nr.5861/2009 hierby aangeheg, soos meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.
10. Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. 1318.09941 hektaar meet (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) is:
- a. Kragtens Notariële Akte van Serwituut van Wysiging Nr. K3589/2011S, onderhewig aan 'n gedeeltelike kansellasië van die serwituut ten opsigte van die figuur ABCDEFGH op Diagram LG Nr. 3857/2008 en wat toestem tot 'n serwituut vir die area 8471m² gemeet soos aangedui met die figuur ABCDEFA op Diagram LG Nr. 1435/2011 hierby aangeheg, soos meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.
- b. Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K2206/2012S, onderhewig aan 'n Reg van Weg serwituut, tesame met aanverwante regte, aangedui met figuur ABCDA op Diagram LG Nr. 4560/2010 hierby aangeheg, ten gunste van Gedeelte 2 van die plaas Bothasfontein 408-J.R., soos meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.
- c. Kragtens Notariële Akte Nr. K3892/2012S, onderhewig aan 'n Reg van Weg en parkingserwituut tesame met aanverwante regte, ten gunste van Waterfall Hospital WUQF (Eiendoms) Beperk, aangetoon met die figuur ABCDA op Diagram LG Nr. 14/2011, hierby aangeheg, soos meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.
11. Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. 1128.9618 hektaar meet (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) is:
- a. Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K465/2014S, onderhewig aan 'n Reg van Wegserwituut, tesame met aanverwante regte, ten gunste van Eskom 579m² gemeet soos aangetoon met figuur ABCDEF op Diagram LG Nr. 2411/2013 en met die figuur ABCDE op Diagram LG Nr. 2412/2013 hierby aangeheg, soos meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.
- b. Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K466/2014S, onderhewig aan 'n serwituut vir 'n substasie, tesame met aanverwante regte, ten gunste van die Eskom 18m² gemeet soos aangetoon met figuur ABCD op Diagram LG Nr. A2409/2013 en met die figuur ABCD op Diagram LG Nr. 2410/2013, hierby aangeheg, soos meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.

- c. Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K467/2014S, onderhewig aan 'n serwituut, tesame met aanverwante regte, ten gunste van die Stad van Johannesburg, 'n 3.00 meter stormwater serwituut die middellyn waarvan aangetoon is met die lyn ABCD soos aangetoon op Diagram LG Nr. 3659/2013 en 'n rioolpylynserwituut 2.50 meter die middellyn waarvan aangetoon is met die lyn AB op Diagram LG Nr. 3658/2013 en soos meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.
- d. Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K468/2014S, onderhewig aan 'n serwituut, tesame met aanverwante regte, ten gunste van die Stad van Johannesburg om die serwituutarea ewigdurend te gebruik vir 'n pad deur die algemene publiek en water en riool te vervoer oor die serwituutarea, soos aangetoon met figuur ABCDEFGHJKLMNPQRSTA op Diagram LG Nr. 4098/2013, hierby aangeheg, soos meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.
12. Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. 1028.5254 hektaar meet kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K2624/2016S onderhewig aan 'n serwituut vir 'n substasie, tesame met aanverwante regte, ten gunste van Eskom, soos aangetoon met figuur ABCDA op Diagram LG Nr.5862/2009 hierby aangeheg, soos meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.
13. Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) 1023.2580 hektaar meet is kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K4751/2016S onderhewig aan 'n Reg van Weg serwituut, ten gunste van Gedeelte 796 ('n gedeelte van Gedeelte 1) van die plaas Waterval 5-I.R. soos aangetoon met figuur ABCDEA op Diagram LG Nr.4813/2015 hierby aangeheg, soos meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.
14. Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5 I.R. 1000.2888 hektaar gemeet (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra is, deel vorm) is
- a. Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr K1957/2017S, geregig op 'n reg van weg serwituut oor die gedeelte van Erf 3544 Jukskei View Uitbreiding 78 10.5 meter wyd soos aangetoon op die Algemene Plan LG Nr 4102/2013, soos meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.
- b. Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr K3907/2017S onderworpe aan 'n rioolserwituut 3.00 meter wyd die middellyn wat aangetoon word met die lyn ABCDEFGHJKLMNQPQRSTUVW op Diagram LG Nr 13349/1996, tesame met aanverwante regte, ten gunste van die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit, soos meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.

B. Ingesluit die volgende wat die dorp affekteer en wat betrekking het op die erwe in die dorp

Alle erwe

1. Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. wat 1128.9618 hektaar meet (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) is kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K464/2014S onderhewig aan 'n serwituut vir die installeering van veseloopiese kables en oprigting van reklameborde vir 'n tydperk van 40 jaar vanaf registrasie, tesame met aanverwante regte, ten gunste van Waterfall Investment Company (Proprietary) Limited, Registrasienommer 2006/001921/07, soos meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.
2. Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. wat 1572.0108 hektaar meet (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) is kragtens Notariële Akte van Beperking van Vrye Vervreemding van Eiendom Nr K536/2010S, soos gewysig volgens Notariële Akte K7291/2017S, onderhewig aan 'n voorwaarde dat die eiendomme soos uiteengesit in dorpe in die hierin-gemelde eiendom, nie verkoop word nie en slegs verhuur word, welke huurooreenkomste onderhewig is aan die Standaard Terme en Voorwaardes soos uiteengesit in Aanhangsel 1 tot die genoemde notariële akte en wat meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.
3. Kragtens Akte van Verhuring Nr K..... (wat geregistreer sal word) die hierin-gemelde eiendom is onderworpe aan 'n huurooreenkoms ten gunste van Waterfall Golf Estate (Eiendoms) Beperk, Registrasie Nr 2004/034615/07 soos meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.

UITGESLUIT DIE VOLGENDE VOORWAARDE WAT SLEGS ERF 4469 AFFEKTEER

Die vorige resterende gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Waterval 5-I.R. wat 1457.0601 hektaar meet (waarvan die eiendom wat hierby oorgedra word, 'n deel vorm) is kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K4218/2010S onderhewig aan 'n 3.00 meter rioolserwituut, tesame met aanverwante regte, ten gunste van die Stad van Johannesburg, die middellyn wat aangetoon is met die figuur defg op Algemene Plan LG Nr 1389/2016, soos meer volledig sal blyk uit die genoemde akte.

4. TITELVOORWAARDES**A. Titelvoorwaardes opgelê ten gunste van die plaaslike bestuur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986).****(1) ALLE ERWE**

- (a) Elke erf is onderhewig aan 'n serwituut 2 m breed, ten gunste van die plaaslike bestuur, vir rioolerings- en ander munisipale doeleindes, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.
- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 2 m daarvan, geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleidings, en ander werke wat hy volgens goeë dunnke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voorgenoemde serwituut grens en voorts sal die plaaslike bestuur geregtig wees tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voorgenoemde doel, onderhewig daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleiding en ander werke veroorsaak word.

(2) ALLE ERWE

- (a) Die erf is geleë binne 'n area waar grondtoestande die geboue en strukture kan beïnvloed en tot skade daaraan tot gevolg hê. Bouplanne ingedien by die plaaslike bestuur moet maatreëls aandui wat geneem moet word, in ooreenstemming met aanbevelings vervat in die (Omvattende) Ingenieurs Geotegniese Verslag vir die dorp, om moontlike skade aan geboue en strukture te beperk, as gevolg van nadelige fondasietoestande, tensy dit bewys kan word aan die plaaslike bestuur dat sulke maatreëls onnodig is of dieselfde doel bereik kan word deur ander meer effektiewe metodes.
- (b) Die NHBRC klassifikasie vir fondasies sal C-C1-C2/H2/P(fill) wees.

(3) ERF 4468

- (a) Die erf is onderhewig aan 'n serwituut vir reg van weg en munisipale doeleindes soos aangetoon op die Algemene Plan.

B. Titelvoorwaardes opgelê ten gunste van derde partye wat geregistreer/geskep gaan word met die eerste registrasies van die geaffekteerde erwe**(1) ERWE 4440 EN 4441**

- (a) Die erwe is onderhewig aan 'n serwituut vir elektriese doeleindes ten gunste van ESKOM, soos aangetoon op die Algemene Plan.

Hector Bheki Makhubo: Adjunk Direkteur : Regsadministrasie
 Kennisgewing Nr T034/2019